



Published by the Digitisation Office of the University of Pretoria  
Distributed by the Merensky Library

Commissioning Editor: Jana Du Toit

Design and Layout: Hakon Olivier

Cover Designer: Tejal Mistry

Proof-Readers: Cindy-Lee Du Plessis and Lidia Swart

Contributors:

Magriet Lee

Robert Moropa

Thea Heckroodt

Annie Pienaar

Johann Van Wyk

Soekie Swanepoel

Susan Marsh

Julene Vermeulen

Maureen Du Pisanie

Jacob Mothutsi

Shirley Gilmore

Liesl Stieger

Printed by UP Printers



“This country has given me so much  
that I am only too happy to be allowed to  
help it to develop and to be able to give  
back to it a fraction of what it has given to  
me....”

-Hans Merensky



# Table of contents

1. Introduction	* Konteks * Tydsgees * Gevolg * Geboorte * Huisvesting * Organisasie * Vakverant
2. Die Merensky Storie (Afrikaanse weergawe)	woordelikheid * Tydlyn - Dienseenheid : <b>Teologie en Sosiale Wetenskappe;</b>
3. The Merensky Story (English version)	* Geboorte * Huisvesting * Tydlyn * Organisasie en
4. Education Collection of the University of Pretoria, 1906-2001	vakverantwoordelikheid
5. Library of the Teachers College Pretoria (TCP), 1902-2001	
6. New Phase: Incorporation of the College Library into University of Pretoria's Library Services 2001	10. Geskiedenis: Fakulteitsbiblioteke – Gesondheidswetenskappe - Die Begin - Die volgende fase - Vernuwing in die negentiende eeu - Die nuwe millennium - Personeelkorps - Die toekoms
7. Bibliography	11. Story of the Mamelodi Campus Library - Brief history - Staff component
8. The Economics and Management Sciences Faculty Library	12. History of the Law Library - Brief history - Growth - Law Librarians
	- Background - Clients - Staff - Highlights
9. Geestes en Sosiale Wetenskappe en Teologie	13. History of the Jotello F. Soga Library, faculty of Veterinary Science - Introduction
	- Introduksie - Dienseenheid : <b>Geesteswetenskappe;</b>



- Information resources
- Physical facilities
- E-Information service
- Institutional repository
- Highlight events
- Staff





# 1. Introduction

*"The (UP) Library is viewed as a national leader, innovator and resource of national importance".*

This is one of the conclusions that the panel that reviewed the Library in February 2010 came to after they had completed their task. The UP Library was able to become a national leader, innovator and resource of national importance because of the input made by its past and present hard working and dedicated staff members. Furthermore, the support that the Library has received over the years, from its major stakeholders has contributed immensely towards the success that the Library has attained.

The nature and depth of the support that the Library has received from its stakeholders was anchored, to a large extent, on the recognition that the Library is the heart of the University. Prof E M. Hamman during the inauguration of the New Merensky in 1976 confirmed this view when he stated: "... that the library ought to be the heart of the University's activities and that the Library should play a key role .... Show me a university's library and I know what the quality of its academic teaching and scientific research is!" The Library has, and continues to partner with key stakeholders to ensure that the University attains success within its core business.

The Library is indebted to the UP Execu-

tive, Senate, the Deans, Directors of Support services, the students and the rest of the users of the Library. Through their support the Library was able to take leadership in critical areas within the academic Library profession. We will never forget the role played by Dr Hans Merensky who agreed to be the anchor donor at the time when other prospective donors were not convinced of the value of providing funds for the construction of the Old Merensky Library in 1937. He was the first donor to donate a substantial amount of money at the beginning of the fund raising campaign for this project. He contributed immensely towards the laying of the foundation of the success that the Merensky Library has been able to attain. We are now focussed on taking the Merensky Library to even greater heights as we enter its second century of its existence.

**Robert Moropa**  
-DIRECTOR




# 12. Die Merensky Storie

“Julle sê ek moet die Merensky storie vertel. My storie - die Hans Merensky storie, en die verhaal van die biblioteek wat na my vernoem is en sy mense. Vir iemand wat nooit dagboek gehou het toe hy geleef het nie, is dit 'n uitdaging om na jou dood meer as 'n eeu se geskiedenis op te teken. Van al die eerstes in my lewe sal die een voorwaar die hoogtepunt wees.



Hans Merensky



Alexander Merensky

Afrikaans

Ek is op 16 Maart 1871 in Botshabelo (wat Skuilplek beteken), naby Middelburg in vandag se Mpumalanga gebore. My ouers was sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap. My vader, **Alexander** (sy bynaam onder sy gemeentelede was "Mpangissa" wat "the Quick maker" beteken) was die dokter en ook 'n kartograaf wat die eerste kaarte van die omgewing opgetrek het. Sy liefde en kennis van die natuur het hy graag met ons gedeel, en dit het my lewenslange verwondering vir die omgewing waker gemaak. Ek kon selfs later, toe ons terug in Duitsland was ure saam met hom sy kaarte bestudeer en wou toe al weet waar minerale in Suid-Afrika gevind sou word. My moeder Marie het hom in sy werk ondersteun, maar ook haar hande vol gehad met sewe kinders - vier seuns en drie dogters.

Ons gesin is in 1882 terug Duitsland toe waar ek skool gegaan en my militêre opleiding voltooi het. Dit was in die weermag dat ek besluit het om 'n geoloog te word en na 'n jaar by die steenkoolmyne in Breslau en opleiding by verskillende instansies, het ek aan die Universiteit van Berlyn met onderskeidig gekwalifiseer. Die ekskursies wat deel van ons opleiding was, was vir my van die hoogtepunte van my opleiding. Ek onthou die keer toe ek 'n mineraal-afsetting kon identifiseer voordat die professor dit kon doen en sy kommentaar daarop: "*Ek weet nie wat dit met Merensky is nie, maar hy het 'n sesde sintuig as dit by die identifisering van minerale kom.*" 'n Sesde sintuig en Afrika se rykdomme in my bloed... wat maak dat ek in 1904 terug keer na Suid-Afrika, bedank uit die staatsdiens en 'n privaat praktyk as geoloog en myningenieur in Johannesburg begin. In 'n brief aan



my pa het ek dit so verduidelik: "Ek het besluit om in Suid-Afrika te bly. Hier is net te veel geleenthede om te ontgin as om jou lewe in 'n veilige, vervelige Staatsdienspos te slyt."

Die Lecomte-Madagaskar bedrogskema in 1905 waar myne met gouderts gesout is en ek dit kon uitwys, was my eerste deurbraak en daarna het die werk toegeneem. My verslag oor die waarde van die nuut-ontdekte Voorspoed diamantmyn het ook nuwe hoop gegee aan 'n land wat nog net begin herstel het na die Tweede Vryheidsoorlog. My goeie inkomste het die geleenthed geskep om geld te belê – nie net in nuwe myne nie, maar ook op die effektebeurs. Die "sesde sintuig" het ook tot my vriende se voordeel gestrek want die geld wat ek namens hulle belê het, het uitstaande dividende opgelewer.

Die behoefté aan onderwys op alle vlakke, maar veral die gebrek aan hoër onderwys in die noordelike provinsies van die Unie van Suid-Afrika het al hoe meer ter sprake gekom en in 1906 stel Prof John Purves aan die Raad van die Transvaal Technical Council voor "to purchase books as per lists in English, Literature, History, Philosophy and Education" vir 'n "Arts Library". Dit was die eerste saadjie wat later die Universiteit van Pretoria, en veral sy biblioteek sou word.

Twee jaar later word die idee 'n werkliekheid toe die Transvaal University




Kaya Rosa

College (of TUC soos dit algemeen bekend sou staan) gestig is, met **Kya Rosa** in Skinnerstaat 270 as eerste tuiste. 'n Jaar later trek hulle na die ou Staatsgimnasium in Proesstraat waar 'n vertrek beskikbaar gestel word om as biblioteek te dien. Prof Purves word die ere-bibliotekaris.

*Ek publiseer my eerste artikels: "The origin of the river diamonds within the area of the Vaal," "The gold deposits of the Murchison Range in North-East Transvaal" en "The rocks belonging to the area of the Bushveld Granite Complex in which tin may be expected", in die Transactions of the Geological Society of South Africa en word so deel van wetenskaplike inligting van blywende waarde.*

Die **Ou Lettere gebou** word die eerste permanente tuiste vir die biblioteek in 1911. Dis 'n groot ruimte met 50 studietafels, 'n naslaanafdeling en rakke, maar met die besoek van die Eiendomskomitee is hulle ontsteld oor die "greasy and dusty" toestand van die rakke. Dit was toe al nie so maklik om 'n biblioteek skoon en netjies te hou nie!



Ou Lettere Gebou

*In die Lockhead's Guide, Handbook and Directory of Pretoria van 1912 word daar verwys na "The large library, which occupies the upper storey of the South Wing, is a fine apartment, panelled throughout with dark wood, well ventilated, and divided into numerous bays, screened off for private study. It has been designed in a thoroughly practical and up-to-date manner, and is probably the finest example of a college library in South Africa. The books already number upwards of 4,000 and additions are constantly being made. The chief English and Continental periodicals in Literature and Science are regularly taken in." Prof Purves kry mej Burton as assistent en mnrr Gibbs word £ 12.10.00 gedurende die Julie vakansie betaal om die boeke te katalogiseer.*



Eerste biblioteek



Ingang



CAMP DER DEUTSCHEN KRIEGSGEFANGENEN IN PIETERMARITZBURG.

Interneringskamp Pietermaritzburg

Die onweerswolke van die Eerste Balkanoorlog het tot aan die suidpunt van Afrika gewaai en is gevoel toe die effektebeurse in Londen, Parys en Johannesburg begin tuimel het – en ook die begin van 'n donker tyd in my lewe voorspel het. My rustige lewe as 'n gesiene en finansieël onafhanklike man ontaard in 'n nagmerrie en in 'n poging om veral my vriende se beleggings te beskerm, gebruik ek elke pond tot my beskikking en probeer selfs my erfgrond verkoop. Teen 1913 besef ek niks kan meer gered word nie, en word ek bankrot verklaar.

Sake vererger met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 en op grond van my Duitse – en weer-mag verbintenis (en ondanks die feit dat ek in Suid-Afrika gebore is)


word ek **geïnterneer in 'n kamp in Pietermaritzburg**. Dit was vir my, wat op my gelukkigste in die ooptes van die veld was, een lang marteling. My enigste ontsnapping was die stap-togte langs die kampheinings waar ek vry kon dink en die lesings wat ek vir die ander geïnterneerde oor die geologie kon gee.

Die TUC biblioteek vorder intussen een stap verder toe die eerste Biblioteekkomitee in 1917 deur die Senaat ingestel word. Die komitee se hoof-taak was om gebreke te identifiseer en met oplossings te kom. Een van hulle voorstelle was dat die dosente moet help met die katalogisering van die materiaal, maar dit realiseer nie. Prof Macfadyen het Prof Purves as ere-bibliotekaris opgevolg. Daar is net £ 50 vir nuwe boeke beskikbaar, wat vir elkeen van die 23 departemente 'n bedrag van £ 4.7.00 vir die jaar



gee om nuwe boeke aan te koop. 'n Jaar later lyk dit darem heelwat beter toe daar £ 250 vir boeke beskikbaar gestel word en die Buitemuurse Biblioteek geopen word.

Teen 1919 herstel die wêreld weer na die beëindiging van die oorlog, maar steeds is dit vir my en die Biblioteek nie 'n goeie tyd nie. Die nuwe boeke wat aangekoop is, raak met so 'n spoed weg dat daar reeds 250 boeke binne 2 jaar vermis word. Dosente wat boeke uitneem, weier om dit terug te besorg en een dosent het 'n kwart van die Chemie-versameling in sy besit gehad. Selfs die tydskrifte waarna daar so trots verwys is, word deur die dosente weggedra.



Charles Spruce

Die situasie het waarskynlik 'n rol gespeel in die aanstelling van **Charles Spruce**, 'n Amerikaner, as voltydse bibliotekaris. Die moontlikheid dat ons paaie op die myne sou kruis was veel groter as in die akademie, want dié kleurryke karakter was onder ander 'n polisieman, 'n lid van die Britse verkennerskorps tydens die Tweede Vryheidsoorlog en het daarna op die myne gewerk. Nadat niemand bereid was om vir die salaris van £ 12.10.00 'n maand te werk nie, is die salaris verhoog, en is Spruce aangestel. Hy pak sy loopbaan met vuur aan en begin deur 'n inventaris van die versameling op te stel. Na 'n jaar kon die Biblioteekkomitee berig dat, sedert Spruce die pos oorgeneem het, daar nie 'n enkele boek weggeraak het nie.

Vir die eerste keer word daar ook pogings aangewend om geld in te samel vir 'n biblioteek – of soos die Raadsbesluit van November 1920 gelui het: "... for a Voortrekker Monument consisting of a Hall and a Library..." Die versameling het op 8,150 bande gestaan en die begroting was £ 400. Regsgeleerdheid kan spog met 15 LLB studente en ontvang £ 75 vir boeke, terwyl Rekeningkunde ook by Buitemuurs aangebied word en £ 40 vir nuwe boeke uit die begroting kry. Die Fakulteit Veeartsenykunde kom onder Sir Arnold Theiler by Onderstepoort tot stand en die studente en dosente is aangewese op die biblioteek van die Onderstepoort Veterinêre Instituut vir hulle inligting.




Om uit die interneringskamp met 'n geleende pak klere en £ 15 wat ook geleen is te stap, was een van die moeilikste tye van my lewe. Die kamplewe en skuldas het sy tol geeïs en ek het siek geword. Na 'n hersteltyd by vriende het ek tog weer kans gesien vir Johannesburg en het toe in Doornfontein in 'n losieshuis gaan woon – wêrelde verwyder van die Rand Club waar ek voorheen tuis gegaan het. Na-oorlogse depressie het die vooruitsigte van werk skraal gemaak en dit was eers in die vroeë 1920's dat 'n aantal ekspedisies na Suidwes-Afrika (later Namibië) die omstandighede verbeter het. Gelukkig kon ek en drie vriende darem later in 'n huis in Houghton intrek wat die lewe makliker gemaak het. Dis ook in hierdie tyd wat ek 'n nuwe teorie aan my beswaarde vriende verduidelik het – die moontlikheid om brandstof uit steenkool te vervaardig. Hulle was nie beïndruk nie en het gesê ek moet my bepaal by sake waarvan ek iets weet – soos goud en diamante. Dit sou eers nog slechter gaan voordat dit beter sou gaan...

*Spruce se speurtalente het nie al die Biblioteek se probleme opgelos nie. In 'n verslag van Oktober 1923 skryf Prof EHD Arndt van die Biblioteek-komitee: "Ons akademiese selfrespektek eis.... dat ons dadelik oorgaan tot die bou van 'n moderne biblioteek" Hy verwys ook na Spruce se gebrek aan kennis oor die biblioteekwese, en stel voor dat die voorbeeld van die Universiteit van Stellenbosch gevolg word om 'n gekeurde persoon na die*

*VSA te stuur vir studie. Die stelling het hom Spruce se gramskap op die hals gehaal – in so 'n mate dat Spruce hom vir laster wou dagvaar.*

*Dat alles nie aldag maanskyn en rose vir Spruce was nie, blyk uit sy versoek die volgende jaar dat hy nie meer die werk kan behartig nie, en dat mnr PC Coetzee, wat op daardie stadium "n onbelangrike pos" by Administrasie beklee het, as sy assistent aangestel word. Die Biblioteek is toe pas vergroot deur die Geskiedenisleeskamer ook in te sluit, en die arme Spruce het in vier jaar se tyd slegs tien dae verlof gehad. Sy groot vrees was dat hy gedurende eksamentyd moes siek word of selfs sterf, wat "disastrous" vir die studente sou wees.*

Die winter van 1924... en 'n aspirienbottel met 'n grys-wit konsentraat uit Lydenburg wat met die oggendpos gekom het, het die groot verandering gebring waarop ek so lank gehoop het. In die brief by die pakkie van my vriend, Dunne, 'n prokureur, vra hy of die konsentraat moontlik platinum kon wees. Dit kom van 'n spruit op die plaas Maandagshoek – 'n plek waar ek al in 1904 voorlopige prospekteerwerk gedoen het. Met die finansiële hulp van vriende het ons 'n sindikaat gevorm en was ek binne 3 dae op die plaas en kon ons op 12 Augustus die platinum in die rotslae bevestig. Teen die einde van September was die ligging van die rif bepaal – 60 myl lank. My voorstel was dat ons dit die



Diamante van Namakwaland

Lombaard Rif, na die eienaar van die plaas vernoem, maar my vennote het dadelik teëgestribbel en besluit dat dit die Merensky Rif genoem moet word. Later is vasgestel dat die rif 300 km lank is en die grootste reserwe van platinum erts in die wêreld is.

kort daarna, "hoofsaaklik omdat die dosente onverskillig met hulle voorraadbestellings was" Buitemuurs sukkel steeds met verlore boeke – in so 'n mate dat hulle 'n lys opplak "as to ought to refresh the memories of delinquents" – met min positiewe gevolge.

*Spruce se versoek word in 1925 toegestaan en PC Coetze word as sy assistent aangestel, maar Coetze word deur die owerhede ingelig dat hy nie moet aanvaar dat hy Spruce een dag sal opvolg nie. Dit gaan sommer dadelik beter in die Biblio-teek, maar die katalogisering bly agterweë, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan opgeleide personeel. Die TUK Koöperatiewe Boekwinkel is deel van die Biblioteek, maar dit sneuwel*

Uit die Merensky Rif ervaring kom drie artikels uit my pen: "How we discovered platinum" in *Mining Industrial Magazine of South Africa* (pt 1 1925) "The platinum areas of Lydenburg" in *South African Mining Engineering Journal* (no 1737, 1925) en "Lydenburg Platinum Limited" in dieselfde joernaal (no 1767, 1925) Vir my aandeel in die ontdekking verdien ek £ 80,000 (sê die mense), maar die



Namakwaland


skuld van my vriende se verlore geld lê nog swaar op my gewete. Nadat alles met rente terug betaal is en ek na jare weer 'n vakansie in Duitsland kon deurbring, waartydens my *alma mater* 'n eredoktorsgraad aan my toeken, was my bankrekening leeg, maar my integriteit bo verdenking.

Die ontdekking van **diamante** in **Namakwaland** in 1926 het my vinnig laat terugkeer na Suid-Afrika. Daar aangekom, het ek 'n chaotiese situasie aangetref met hordes delwers wat ongeordend delf. Uiteindelik het ek die geleentheid gehad om my "oyster line" teorie wat uit die tyd van die interneringskamp gekom het, te toets. Die ontdekings by Alexan-

derbaai en Port Nolloth was van so 'n omvang dat ons besef het dat die hele diamantmark in duie kan stort as daar nie streng beheer toegepas word nie. Met die samewerking van Sir Ernest Oppenheimer, die minister van Mynwese en Genl JBM Hertzog wat toe Eerste minister was, is die wet deurgevoer wat die gebied proklameer wat diamantdelwery in die gebied sou beheer.

Die gebeure het my weer die geleenthed gegee om 'n artikel te publiseer. "*How I found the richest diamond fields in the world*" het in die *Mining Industrial Magazine of Southern Africa pt 4.* verskyn. My aandeel in die sindikaat het ek aan die Oppenheimer-Barnato groep verkoop vir oor £ 1 miljoen, wat Sir Ernest na die transaksie beklink is, laat opmerk het: "*You won't often meet a man who comes in with a sixpence in his pocket and leaves with a million pounds*" Versoeke om finansiële hulp het ingestroom. Ek het eers al die brieve self probeer lees maar later personeel gekry wat daarmee gehelp het. Verdienstelike gevalle is so ver moontlik ondersteun, en om dit van die luges en kansvatters te onderskei, was dikwels 'n moeilike taak wat soms selfs in die hof gedraai het.

Die Buitemuurse gebou in Vermeulenstraat word in 1927 geopen, met 'n lokaal vir 'n biblioteek – maar geen personeel nie. Mnr Abernathy kry die opdrag om, behalwe sy administratiewe take ook na die biblioteek om



Westfalia

te sien. Na 'n maand is die biblioteek nog steeds nie oop nie, en Prof Arndt en 'n groep studente spring op Vrydagaande in om die boeke te katalogiseer. Die totale boekversameling staan op 21,181 boeke. In die Van den Horst verslag oor die stand by nege universiteite, sê PJ du Toit, wat toe Direkteur van Veeartsenydienste was: "The library of the TUC is not bad as College Libraries go: a fair number of periodicals are received, so that the professors (and senior students) are able to maintain a nodding acquaintance with what goes on in this line of work. However for the research worker the amount of literature available is entirely inadequate, but perhaps it would be unreasonable to expect an institute the size of the

TUC to maintain a library which would meet the demands of the research worker" Wat bedoel word met "a nodding acquaintance" bly vir my duister.

Die volgende jaar kon Spruce daarmel berig dat die katalogisering wat soveel jare agter geraak het, op datum is en "functioning to the satisfaction of all concerned, even the 'gloomy deans' who reported them some years ago as 'no good' merely because they were incomplete" Die ruimte situasie is nou so benard dat daar net plek op die vloer is om die boeke te pak. Daar is 'n tekort aan rakspasie vir oor die 5,000 boeke. Hy bepleit die "immediate building of a self-contained library" en sê verder "Its library has been described as the heart of the University. Let us see to it that ours suffer from no cardiac affection or weakness" Aansluitend by die vorige verslag, berig die Carnegie kommissie dat: "The 2 colleges at Pretoria and Grahamstown have fewer books than one could reasonably expect in a good high school in America"

My behoefté aan 'n permanente tuiste word al hoe groter en in 1929 word die herinneringe aan **Westfalia**, 'n spogplaas in die Magoebaskloof omgewing, wat ek 25 jaar tevore gesien het, al hoe sterker. Dit wat ek tydens my besoek in 1929 sien, verskil totaal van die een wat in 1904 bestaan het. Jare se verwaeling het sy tol gee's. In plaas van die ryk, donker grond, lê die spore van erosie



en vernietiging in die voorheen vrugbare akkers. Selfs die fonteine was nie meer so volop nie en die plaas was besig om te verdroog. Na my eerste teleurstelling het my geoloog oog verder gekyk en het ek besef dat die grond diep en ryk is. Met die regte bestuur kon die die skade herstel word. Die omgewing was nog steeds 'n paradys op aarde. £ 40,000 later was die grond myne. Dit het 10 jaar geneem om die plaas te herstel en uit te bou tot 'n **model produsende landgoed wat dit 70 jaar later nog steeds internasionaal bekend maak vir sy avokado's, bosbou, wetenskaplike benadering enveral ekologies-vriendelike boerdery metodes.**




Vrystaat, beleef die Universiteit van Pretoria sy eie veranderinge. Die universiteit word, op versoek van die studente, 'n Afrikaanse instelling. Mnr Spruce tree af en Mnr PC Coetzee word as waarnemende bibliotekaris aangestel. Saam met Mnr Abernathy en een assistent moet hulle 'n versameling van byna 28,000 bande en die tydskrifte bestuur.

Behalwe die rehabilitasie van die omgewing en die winsgewendheid van die plaas, het die welsyn van my werkers my na aan die hart gelê. 'n Skool, kliniek, beter behuising, paaie na hulle wonings en ook beter grond wat groter oeste vir hulle gelewer het, het gevolg. Met Kersfees elke jaar het almal op die grasperk naby die huis bymekaar gekom en na ek met die hulp van 'n tolk verduidelik het wat ons die jaar gedoen het, en wat beplan word vir die nuwe jaar, is daar saam fees gevier.

*Waar ek in 1930 met hernieuide ywer op my plaas kon begin werk en nog steeds prospekteeringsprojekte ondersteun, wat onder anderlei tot die ontdekking van goud aan die verre Wes-Rand, Wes-Transvaal en die*

Slegs nagraadse studente mag boeke uitneem. Daar word reeds £ 250 per jaar aan tydskrifte spandeer en die studente rig 'n versoek vir 'n leeskamer waar die joernale op die tafels kan bly sodat dit in hulle vrye tyd gelees kan word. Daar is selfs 'n voorstel dat die duur joernale aan die tafels vasgeketting word sodat dit nie kan verdwyn nie. In die volgende jaar kry die Regsversameling 'n groot hupstoot met die aankoop van die versamelings van Regter GFWG van Pitijs, die bruikleen van die boeke van Hoofregter J de Villiers en die ou, waardevolle bronne wat deur Prof Daniel Pont bekom word.

**Gerard Moerdyk**, die argitek, word op die Raad van die Universiteit verkies en so begin 'n nuwe sameloop van omstandighede wat 'n groot invloed op die toekoms van die biblioteek sou hê. Die ontdekking van Mapungubwe en UP se rol in die opgrawings wat daar gedoen word, het 'n diep indruk op Moerdyk gemaak. 'n Besoek aan Egipte en sy kennis oor Mapungubwe, versterk Moerdyk se belangstelling in die Afrika kultuur en hy begin Afrika elemente, simbole



## Die Merensky-biblioteek as voorloper van die Voortrekkermor


**G**ERHARD Moerdijk, een van ons land se voorste pionier-argitekte, het tientalle kerke landswyd ontwerp. Hy het vanselfsprekend die grootste roem en bekendheid verwerf as argitek van die Voortrekkermonument, waarvan die hoeksteen op 16 Desember 1938 gelé is.<sup>1</sup> Ander besondere geboue waarvan hy ook die skepper was, is die Merensky-biblioteek waarvan genl. J. C. Smuts op 11 Oktober 1937 die hoeksteen gelé het.

Ons kan dus met reg 'n vergelyking tussen die twee skeppings probeer maak.

Die twintiger- en dertigerjare was 'n tydperk waarin die styl van die Monumentale Romantiek hoogty gevier het. Die Duitser, Mendelsohn, en die Italianer, Antonio St. Elia, is twee argitekte wat pragtige skeppings nagelaat het – die meerderheid egter slegs ontwerpe op papier.


Moerdijk<sup>2</sup>, as jong talentvolle student en argitek, moes beslis met hulle werk kennis gemaak het, want sy twee genoemde skeppings kan beslis as van internasionale standaard beskou word. Moerdijk was dus met beide hierdie ontwerpe deelgenoot van sy tydgenies en beide voorbeeld sal deur boukunshistorici as interessante voorbeeld van hul tyd in die wêreldgeheelbeeld gesien word.

Albeistrukture het 'n sterk simmetriese en monumentale instag. Die biblioteekgebou is duidelik 'n effens vroeër gebou vanwêe die groter gebruiksmaking van dekoratiewe elemente. Die dekorasie is tipies van die tydperk, bekend as die Art Decoperiode wat 'n verdere ontwikkeling van die Art Nouveau-periode van die eeuwende was. In die Voortrekkermonument speel die vorm van die struktuur 'n oorheersende rol teenoor die dekoratiewe en neig dit meer na die eenvoud van die komende Internationale Boustyl. Dit maak beslis nie die Monument 'n mindere teenoor die biblioteek nie. Die vergelyking wat destyds as kritiek geuer is, naamlik dat die Monument soos 'n radio van daardie tare lyk, is hoegenaamd nie



Di  
- e  
res  
ho  
ba  
me  
tat

Die sterk simmetriese aansig van die biblioteek waarin die dekoratiewe element 'n groter rol speel as in die sterk simmetriese aansig van die Monument, waar die vorm 'n oorheersende rol teenoor die dekoratiewe elemente speel – laasgenoemde is ondergeskik en dit strook met die vereenvoudigingsproses wat so tipies van die Internationale Styl en die latere Moderne Styl was.



Die geometri  
internasionaal g  
tiewe kan besk  
Egipte of Zimb  
internasionale n  
onderwerpe van  
wildebeeste. V  
vrou- en kind- f  
aan die twee sk  
nie inkomen kan

Moerdijk se ontwerp sketse van die biblioteek

en boumateriaal in sy argitektoniese styl gebruik. Die debat rondom die Zimbabwe-ruïnes as 'n Afrika produk interesseer hom baie, en alhoewel die boustyl hom nie baie aanstaan nie, is hy oortuig dat dit 'n produk van 'n Afrika beskawing is.

Coetzee kom tot stand, en 'n drie-jaar diploma in bibliotekwese en biblioteek opleiding vir HOD studente word onder die leiding van Coetzee en van den Berg ingestel.

Teen 1936 staan die begroting op £ 3,200 – veel meer as die £ 1,000 van die depressiejare, en meer geld bring meer boeke, wat die ruimte situasie nog meer benard maak. 'n Africana versameling as die breinkind van PC

Die versoekte vir 'n Voortrekkermonument op die kampus word al hoe sterker. Die Rektor, Mnr K Schmidt en die propaganda-sekretaris Mnr FS Steyn beywer hulle vir fondsinsameling vir 'n nuwe biblioteek. Hulle besef egter dat as hulle nie met 'n groot bedrag deur 'n bekende sken



PRETORIA UNIVERSITY LIBRARY.  
General Smuts this morning laid the foundation stone of the new library at Pretoria University. On the left is Mr. G. Moerdyk, the chairman of the University Council.

Hoeksteenlegging deur Genl Jan Smuts

ker kan begin nie, hulle beswaarlik ander mense sou oorreed om geld te skenk. Dis toe dat die Rektor vir Prof PR Skawran, 'n vriend van my vra om my te nader vir so 'n skenking. Dit was 'n baie huiwerige Skawran wat my gekontak het en my onmidellike bereidwilligheid het hom totaal verbaas gelaat. Die transaksie is oor 'n middagete by die Polley's Hotel beklink. Ons het besluit op 'n bedrag van £ 500 per jaar vir 5 jaar, maar het later besef dat 'n eenmalige bedrag van £ 10,000 veel meer gewig sou dra. Uit erkenning vir my bydrae het die Rektor aangebied dat die gebou na my vernoem word. Daar kon toe dadelik met verdere fondsverwring begin word.

Die tweede grootse bydraer was die Pretoriase Joodse gemeenskap, en uit erkenning daarvoor het Moerdyk die Dawidster skerms rondom die galery by sy ontwerp ingesluit. Die personeel se bydrae was £ 1,481 en die studente het met 'n bokveldans £ 373 ingesamel. 'n Groot kermis het £

3,200 ingebring en met die hulp van 'n anonieme vriend (£ 1,000) en die Stadsraad se bydrae van £ 2,000, was daar genoeg geld dat die bouwerk kon begin. **Genl Jan Smuts lê die hoeksteen op 11 Oktober 1937** en verwys na my skenking as "n prinslike bedrag"

**Gerard Moerdyk** het in sy ontwerp van die nuwe gebou die Afrika – en veral Zimbabwe invloed sterk laat geld. Dit is te sien in die gebruik van die betonblokke, die graniet uit Afrika, die sig-sag motief as simbool van water en vrugbaarheid in die Afrika-kulture, die krokodil as waterfiguur en die voël as simbool van die ruimte, wat die vryheid en kreatiwiteit van die skrywer simboliseer. Oor die simboliek van die bobbejane wou Moerdyk niets sê nie, en is daar besluit dat dit maar sy manier is om 'n tikkie humor in die ernstige gebou in te bring. Dit was van die begin af ook duidelik dat die gebou sterk ooreenkoms met die latere Voortrekker monument, wat ook Moerdyk se handewerk was. Oor al die detail van die gebou en die probleme wat met die bouwerk gepaard gegaan het, is baie geskryf. Genoeg om te sê dat bouwerk nooit sonder pyn, vertrgings, stygende koste en onderlinge oorloë geskied nie.


Alhoewel die herstel van Westfalia my grootste prioriteit was, kon ek my ander liefde nie vergeet nie en koop ek die plaas Jagdlust in die Pietersburg (Polokwane) omgewing,



Merensky Biblioteek 1938

waarop ek later 'n ryk chroomrif ontdek. Saam met die buurplaas Wintersveld, wat ook my eiendom word, vorm dit een van die wêreld se rykste chroom neerslae. My belangstelling in die omgewing bring my in kontak met 'n Duitse navorsingsgroep wat saam met die Universiteit van Stellenbosch navorsing doen oor die effek van sonlig op mense, diere en plante en die invloed van die verandering van die seevlak op die omgewing. Behalwe vir enkele artikels wat uit hierdie werk gekom het, moes dit ongelukkig met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gestaak word. Hierdie navorsing sou in die 21ste eeu met die invloed van aardverwarming 'n groot rol kon speel.

*Die bouwerk word in 1938 voltooi en PC Coetze behaal sy professionele kwalifikasie deur die British Library Association. Daar is groot opgewondenheid tydens die formele opening van die Biblioteek op 15 April 1939. Adv HA Fagan behartig die opening*



Ingang

*en Dr EG Jansen, die minister van onderwys, verwys grappenderwys na die diere wat kop aan kop teenoor mekaar by die ingang staan, as die "beeld van die Raad en Senaat wat in botsing met mekaar is" Die hart van my toespraak lê in die woorde: "This country has given me so much that I am only too happy to be allowed to help it to develop and to be able to give back to it a fraction of what it has given to me..." – die woorde wat in die geskiedenis bekend sou word as die mees – bekende wat ek ooit gesê het.*



Prof DM Joubert, Dr & Mrs Rupert, Prof ED Gerryts (1990)

Een van die biblioteek assistente wat ook die dag teenwoordig was, was Huberte Goote, wat later meer bekend sou word as Huberte Rupert, die vrou van Dr Anton Rupert – die nyweraar en latere kanselier van die Universiteit van Pretoria - en sy lewenslange steunpilaar. Sy het hier gewerk tot in September 1941 toe sy bedank het om te trou.

Die uitbreek van die Tweede Wêrelどorlog bring vir my byna 'n herhaling van die 1914 oorlog, toe ek weer geïnterneer is. Vir my, as 'n man van byna 70, wat reeds soveel vir die land gegee het, was dit 'n bitter pil. Die persoonlike ingryping van Genl Jan Smuts, 'n vriend en gereelde besoeker op Westfalia voorkom dit, en ek kon my werk op my plaas voortsit.

Die biblioteekversameling is nou al oor die 82,000 bande, met die die katalogiseringsagterstand weer die grootste probleem. Daar is 13 perso-

neellede, maar die meeste is administratief en het nie die kundigheid om die materiaal te katalogiseer nie. In 1943 kom die Mediese Fakulteit tot stand en reeds vroeg blyk die gebrek aan studiemateriaal 'n groot probleem te wees. Die materiaal word by die Merensky biblioteek gehou en dan op bruikleen na die dosente se kantore versprei, waar dosent en student dan toegang daartoe het (of meer dikwels nie het nie.) Die Biblioteek kry ook sy voltydse binder toe mnr Willie Porter as 17-jarige vir 'n salaris van £9.00.00 begin werk. Dit sou 'n lang en gelukkige verbintenis wees, want hy het 43 jaar as Binder gewerk en in 1986 afgetree.

Die invloed van 'n gebrek aan gekwalifiseerde personeel bereik in 1944 'n keerpunt toe 92,000 bande geherkatalogiseer moes word om die skade van die verlede te herstel. Studente op 'n Vrydagdaand en hulle opvolgers was toe nie so 'n wyse besluit nie.

My inperking tot Westfalia het my laat dink aan werk wat ek 40 jaar tevore by Loolekop in die omgewing van Phalaborwa gedoen het en het ek Von Bülow, my sekretaris gestuur om 'n klip te gaan haal wat ek toe daar gesien het. Die klip was presies die een wat ek gevra het en is ek met tent, gereedskap en 'n groep werkers terug na Loolekop om self die prospektering te monitor. My belegging



van £ 75,000 in die ekspedisie het homself bewys toe genoeg fosfaat en koper om die land vir die volgende eeu te voorsien, daar ontdek is. Die staat het dit later oorgeneem en Foskor gestig en die kopermyne is geprivatiseer.

*Nog 'n persoon wat later in die bibliotekwêreld bekend sou word, Mnr (later doktor) HJ Aschenborn aanvaar in 1947 diens as assistent by die Biblioteek. Hy sou later direkteur van die Staatsbiblioteek (Nasionale Biblioteek) word, en ook internasionaal diep spore trap. Die Macfadyensaal in die buitemuurse gebou word in 1948 as biblioteek omskep, wat dadelik verligting bring. Die volgende uitdaging ontwikkel op die mediese kampus waar die Rektor in 1949 opdrag gee dat die moontlikheid ondersoek word om 'n gedeelte van die Kliniese gebou as biblioteek in te rig. Mnr Bateman, die tegniese adviseur ontwerp 'n plan om bo-op die teekamer 'n biblioteek teen die koste van £ 14,000 by te voeg. Die Rektor teken aan "...dit sal nog eendag oorweeg moet word..."*

Die omvang van my inkomste, my jare en my gesondheid laat my besef dat soveel geld tot baie mense se voordeel – of min mense se ondergang kan strek, en wy ek my tyd in 1949 daaraan om 'n Trust tot stand te bring. In my testament is die bepaling dat: "a trustees will be appointed by me to ensure that my life's work would be continued to maximum ef-

fect. With the trust I hope to combine two projects; continuation of my work in agriculture, horticulture and forestry on Westfalia and that all South Africans had to benefit from its activities. These projects will ensure that water and soil conservation, as well as the reclamation and revitalisation of the soil could be continued and secondly, Southern African people, and especially the employees of the Trust had to benefit from its activities" Dit was waarskynlik die eerste "groen missiestelling" in die wêreld – iets wat vyftig jaar later 'n wetlike vereiste wêreldwyd geword het.

*Die Merensky-Biblioteek wat sedert sy begin meer monument as biblioteek was, het spoedig na sy opening weer ruimteprobleme gehad. In 1952 word tussenvloere in die hoofsaal en magasyn aangebring, wat 30% meer spasie gee, maar nog steeds te min is. Die behoefté op die mediese kampus is nou ook so groot dat die Universiteit my weer nader, en sken ek £ 5,000 wat dan ook die eerste stap tot 'n mediese biblioteek is – een van my laaste persoonlike skenkings.*

Ek verkoop Wintersveld en Jagdlust aan die Union Carbide Corporation vir £ 500 000 en die geld word in die Hans Merensky Trust gestort. My wens dat my einde vinnig en sonder pyn moet wees, word vervul toe ek op 21 Oktober 1952 die middag gaan rus het waar een van my getroue werkers my later gekry het. Na die diens in Pretoria is ek veras en is die



*Memorial stone in memorial garden, Westfalia*

as op Westfalia uitgestrooi. Van my vriende het 'n wonderlike tuin met 81 bome – een vir elke jaar van my lewe ontwikkel, en op '**n rots in die tuin**' is net die woorde: Hans Merensky 16.3.1871 – 21.10.1952 geagrafeer.

Baie is daarna oor my en my werk geskryf. PA Wagner het gesê: "the prospector with almost superhuman ability, having a sixth sense where minerals were concerned. His contribution lay in his geological expertise, exceptional power of observation, thoroughness, and inexhaustible energy. This enabled him to see each phenomenon as a whole, expose it, accurately sum it up and evaluate it, and so open the way to successful and profitable exploitation" Die ere-doktorsgrade wat ek van die Universiteite van Pretoria, Stellen-

bosch en Charlottenburg ontvang het en die verskeie ander internasionale toekennings, was behalwe vir die akademiese erkenning, dikwels ook 'n bewys van my nalatenskap aan die instansies.

Vir die mense wat na aan my was, was ek die heer wat altyd pynlik netjies op my persoon was, graag onthaal en vriende ontvang het, tennis gespeel het tot ek tachtig jaar oud was en dit nie kon verdra as my teenstanders my uit respek laat wen het nie. Maar steeds bly ek tog vir hulle 'n enigma wat min mense, indien enige, werklik geken het.

*Vir die Biblioteek begin 1953 met goeie- en minder goede nuus. Die goede nuus is dat van die beoogde £20,000 reeds £ 11,500 vir 'n mediese biblioteek ingesamel is. Die minder-goeie is dat die Biblioteek weer onderwerp word aan 'n reeks omvattende ondersoeke. In die volgende 2 jaar word drie verslae vrygestel, wat veral op die ruimtekessie fokus. Die regering stel £80,000 beskikbaar om aan die oostekant van die Merensky-Biblioteek aan te bou en 'n ruimte-opname wat behoeftes tot in 1980 uiteen moet sit, moes gedoen word. Mnr FJ Wepener, die argitek kry opdrag om die mediese biblioteek te ontwerp. Hy is ook die argitek vir die aanbouings by die Merensky-biblioteek. In teenstelling met die "monumentale benadering" wat vroeër met die ontwerp van die biblioteek gevolg is, werk die*



Macfadyen Biblioteek: Theo du Toit , Mercia Neitz

argitek nou saam met die bibliotekarisse en is funksionaliteit die eerste prioriteit. Die Kliniese biblioteek word in Augustus 1956 deur die rektor, Prof CH Rautenbach geopen en bestaan uit 'n leessaal met 109 sitplekke, kantore en ruimte vir 30,000 boeke. Die biblioteek word deur 2 dames beman.

Prof WJ Walker van Wits, skenk sy volledige tydskrifversameling, wat die kern vorm van die nuwe ingenieurs-versameling, wat in die vergrote Merensky-biblioteek gehuisves word. Op 15 Julie 1957 word die uitbreidings luisterryk deur dr SM Naudé geopen. Die vloeroppervlakte is nou dubbel die van die verlede, studieruimte groei van 120 na 550 sitplekke en magasynruimte styg van bergplek vir 220,000 tot 450,000 bande.

Die Buitemuurse gebou is die volgende wat aan die beurt kom. Die studente maak reeds gebruik van die naby-geleë Staatsbiblioteek en in die beplanning van die nuwe gebou in Proesstraat, word daar vir 'n nuwe

biblioteek, wat bekend sou staan as die **Macfadyen biblioteek**, voorsiening gemaak. Die gebou is in 1960 deur Dr HF Verwoerd geopen.

1959 is die jaar wat die rolle van dosent en bibliotekaris geskei word. Prof PC Coetzee word die eerste departementshoof en **Mnr AJ van den Bergh** word as bibliotekaris aangestel. Daar is nou 26 personeellede, waarvan die meeste gekwalifiseerde bibliotekarisse is. Die versameling staan op 220,750 bande en 'n bedrag van £25,500 word aan bronne spandeer. Op 14 Augustus word daar 'n boekery in die koshuis vir die Veeartsenykunde studente geskep.



Mnr AJ van den Bergh



Konstruksiewerk van nuwe biblioteek

Skaars 'n jaar na die opening van die Macfadyen-biblioteek, is dit weer die Merensky wat te klein is. Volgens die Biblioteekkomitee is daar slegs bergruimte vir 5 jaar, maar die gebrek aan studieruimte bring mee dat daar aangebou moet word. Die musiekbiblioteek open ook in Februarie met 38 studente en 'n aantal dosente in die Departement.

Skaars vier jaar later bars die Merensky weer uit sy nate en word daar besluit om 'n nuwe biblioteek te bou. Twee jaar later word die Basiese Mediese Wetenskappe gebou op die mediese kampus opgerig en as deel daarvan ook 'n nuwe biblioteek wat aanvullend tot die kliniese biblioteek sou wees. Die versamelings by Patologie en Tandheelkunde en die Verpleegkunde boeke vorm die kern van die biblioteek.

Dr FZ van der Merwe, 'n ywerige musiekversamelaar, wat veral op Suid-Afrikaanse musiek gekonsentreer het, is op 2 Januarie 1969 oorlede, en bepaal in sy testament dat sy versameling as 'n geheel bewaar moet word. Hy stipuleer



Konstruksie werkers – nuwe biblioteek

verder dat dit toeganklik moet wees vir navorsers en maak ook finansieel voorsiening vir die bewaring, instandhouding en uitbreiding van die partiture, korrespondensie, foto's en teorieboeke wat hy oor die jare bymekaar gemaak het. Die versameling kom later in UP se besit en word die basis van die groot musiekversameling wat vandag nog een van die hoekstene van Besondere Versamelings is. Die blye dag breek ook op 12 Augustus 1969 aan toe die argiteksfirma Louw, Marais, Marquard en Kuhn die opdrag vir die ontwerp van 'n nuwe biblioteek ontvang.

**Die konstruksie vir die nuwe gebou begin op 17 November 1971 – pas na die eksamen. Die gebou waaraan die volgende vier jaar gewerk sou word, beslaan 'n totale oppervlakte van 122, 441 vk vt en word opgerig teen 'n totale koste van R 2,8 miljoen. R180,000 se meubels is nodig om die ruimtes funksioneel te maak. Daar word voorsiening gemaak vir**



1083 sitplekke en 129 personeellede. Dat die toeloop van **fris geboude konstruksiewerkers** vir die dames in die biblioteek welkome afwisseling van bleek akademici was, is nie te betwyfel nie. Daarvan kan Annie Pi-enaar, wat diep spore in die biblioteek sou trap, getuig! Prof ED Gerryts word ook die jaar departementshoof van die Departement Biblioteek-kunde.

